
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

HOE MOET EK BID

Wanneer ons kom om te bid, om met God in gesprek te tree dan moet ons dadelik besef dat ware gebed, gebed wat deur God gehoor en verhoor word, net die voorreg is van God se kinders, en jy kan slegs 'n kind van God wees as jy Jesus Christus as die Saligmaker en Here van jou lewe aangeneem het (Joh. 1:12). Dit is slegs wanneer ons tot God die Vader bid in Jesus se Naam dat Hy na ons luister (Joh. 16:23 en 24) en God laat ook nie Sy Seun se Naam onverantwoordelik gebruik nie. Ons moet in die regte verhouding tot God staan d.m.v. Jesus Christus (1 Kor. 1:30) dan kan ons met vrymoedigheid na God gaan met ons dank en versoeke en lof. Daar is baie ander valse godsdienste wat ook "god", 'n opperwese aanbid, maar hulle verwerp die enigste Middelaar Jesus Christus en daarom is hulle aanbidding tevergeefs.

Daarom is dit paslik dat ons, voor ons kom by gebed, sal seker maak dat ons deur Jesus Christus gered is, wedergebore is en lewe tot Sy eer, m.a.w. dat ons kinders van God is.

Laat ons tog ook net groot erns maak met sondes in ons vroeëre lewens voor ons 'n kind van God geword het, want sulke sondes wat ons nie bely en nie geheel en al mee breek nie, vorm dikwels blokkades in ons geestelike lewens en God kan nie in en deur ons werk nie.

Die sonde wat ons vind die meeste ernstige probleme vir mense skep, selfs na hulle bekering is die betrokkenheid by valse leraars, valse profete, okkultiese of sataniese of ander bose praktyke voor of na bekering. As jy dalk met hierdie dinge deurmekaar was, stel ek voor dat jy onmiddellik die volgende doen, want hierdie magte kan die werking van God se Gees in jou lewe onmoontlik maak en jou lewensprobleme en siekte laat toeneem i.p.v. verminder en oplos:

1.BELY AAN GOD dat jy betrokke was met verkeerde dinge in die okkult. Breek onvoorwaardelik, geheel en al, met alle vorme van die okkult, toordery, ens.

2.VERBRAND OF VERNIETIG enige artikel of item wat in jou lewe verband hou met die okkult, ens. (Dit mag 'n gewone artikel soos 'n foto, boek, poeier, hangertjie of tydskrif wees). Ook die buddhabeeld. Buddha is 'n god in die Ooste. (Ex. 20:3-5) Dit mag 'n versiering in jou huis wees – maar oorsee word hy aanbid!

3.BREEK JOU VERBINTENIS en betrokkenheid met satan en demoniese magte. Breek met die sonde van jou voorouers.

4.BEKEER JOU OPNUUT TOT GOD en bid die onderstaande gebed: **"Dankie Here dat U vir my sondes gesterf het, dat U in U heerlikheid weer opgestaan het uit die dood en my deur die kosbare bloed van Jesus 'n nuwe skepsel gemaak het. Dierbare Heer, ek het 'n belydenis om aan U te maak: Ek was ongehoorsaam aan U Woord. Ek wil graag hê dat U my moet help om met al hierdie dinge te breek en dat U my gees, siel en liggaam in Jesus se Naam sal reinig. Ek breek met spiritisties borde en alle ander geheimsinnige speletjies van die okkult. Ek breek met die dwaalleer van reïnkarnasie en alle kontak met demoniese genesingsgroepe. Ek breek met alle hipnose onder enige verskoning of gesag. Ek breek met alle nuuskierigheid oor die toekoms of die verlede en dinge wat buite U wil is. Ek breek met waterwysery met 'n wiggelstok, yster of bottels, swewing van liggame en voorwerpe, die lig van tafels, psigometrie en outomatiese skrywery. Ek breek met alle literatuur wat ek ooit in verband met bogenoemde gelees het. Ek breek nou, in die Naam van Jesus , alle sielkundige oorerflikheid en enige demoniese houvas op my familie a.g.v. ongehoorsaamheid in enige van hierdie areas deur een van my ouers. In die Naam van Jesus breek ek met alle okkultiese dinge. Ek breek met elke kultus wat die Bloed van Christus verloën. Ek breek met alle valse leerstellings wat nie in lyn met die Woord van God is nie. In die Naam van Jesus breek ek nou die mag van elke bose gees wat my tot hiertoe gebind en geteister het, en roep tot die Here om my vry te maak. Baie dankie, Hemelse Vader, ek GLO dat ek nou vry is, en ek wy my ganse lewe opnuut aan U. Ek bid in die Naam van Jesus."**

As jy bewus is van enige ander sonde wat moontlik kan skeiding maak tussen jou en God, gaan bely dit voor God, vra om vergifnis en neem God se Liefde opnuut aan. 1 Joh. 1:9 sê: **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**. God se Heilige Gees sal vir jou uitwys wat nog in jou lewe verkeerd is aan die hand van die Bybel. Lees dit dikwels biddend, en met verwagting en jy sal God se Stem hoor.

Die sonde wat so dikwels diep in 'n mens se hart versteek bly en soms die moeilikste is om te bely en te oorkom is onvergewensgesindheid en dit stem God se Vader Hart tot diepe hartseer. (Lees Matt. 18:23-35 en sien jouself en God in hierdie gelykenis. Is die "pynigers" nie ons siektes wat oor ons kom weens onvergewensgesindheid nie?)

Wanneer jy in gebed na die Here gaan en vra vir enige begeerte van jou hart, bv. genesing of verlossing, is daar 'n baie belangrike ding wat jy vooraf moet doen. Toets jouself aan die Woord van God en kyk of daar nie miskien onvergewensgesindheid in jou hart is nie. Ons bid so dikwels "Vergeef ons ons skulde", maar vergeet dan dat daar ;n voorwaarde is, nl. **..... soos ons ons skuldenaars vergewe (Matt. 6:14-15).** Jy sê "Maar daardie persoon het my so 'n groot onreg aangedoen." Geliefde, dit maak nie saak wie of wat dit is en wat daardie persoon aan jou gedoen het nie, die Woord van God sê jy moet hom/haar vergewe. Hy vra nie of jy reg of verkeerd is nie – Hy sê VERGEWE.

(Lees gerus wat sê Matt. 18:21-35 en Luk. 17:4 in die verband) In Mark 11:23 vind ons 'n wonderlike belofte van die Here – MAAR – lees verder wat die Here in vers 25 en 26 sê. (Lees ook Jak. 2:13; 5:16; Matt. 5:23-24)

HOE OM TE VERGEWE: Vergifnis is nie opsioneel nie – dit is absoluut verpligtend. Dit is ook nie 'n emosie nie, maar 'n keuse wat jy in gebed kan doen.

As die Here jou in hierdie oomblik oortuig van onvergewensgesindheid in jou hart, bely dit voor Hom en vra Hom om jou te vergewe. Hier volg 'n gebed wat jy kan bid: Dierbare Hemelse Vader, ek weet dat ek 'n groot wrok, miskien selfs haat, in my hart koester teenoor ..... Ek noem dit nou by die naam; dat dit sonde is. Reinig my asseblief van hierdie wrok deur U Bloed. In algehele oorgawe kies ek nou om .... te vergewe, of hy/sy dit nou verdien of nie. U het my vergewe toe ek dit nie verdien het nie en daarom vergewe ek .... selfs al verdien hy/sy dit nie om vergewe te word nie. Hemelse Vader, ek vra dat U genade U liefde vir .... in my hart sal uitstort, want my liefde skiet ver tekort. U het my in U Woord beloof dat U enigiets wat ek vra, sal doen. Ek het gevra dat U hierdie wrok uit my hart verwyder en U het dit gedoen. Ek het u gevra om my U liefde vir ..... te skenk en daarom het ek ..... nou lief met U liefde, in Jesus se Naam

Ek wil voorstel dat jy ook ons boek "Nagmaal en Genesing" lees. Dit sal jou geestelik baie opbou en versterk.

God is ons liefdevolle Vader en Hy wil ons gee die begeerte van ons hart (Ps. 37:4). Maar alhoewel God ons harte ken, verlang Hy dat ons in ons eie gemoed duidelikheid moet hê oor wat ons van Hom verlang en dan moet ons volgens Sy instruksies (Die Bybel) dit aan Hom voorlê en Hy sal volgens Sy Beloftes vir ons ontmoet.

Laat ons dan saam gesels oor hoe ons hierdie belangrike saak van gebed moet benader en ondervind hoe God ons beantwoord.

Die eerste stap is om te besluit wat jy van God verlang en die Skrif op te soek waar hierdie dinge aan jou belowe word. Ons kan so dikwels lang gebede bid wat in werklikheid niks sê nie. Bid ons dan nie om 'n antwoord te kry nie? Maar as daar niks is om te beantwoord nie, waarom bid ons?

Gaan na jou Bybel toe en soek 'n teks waar God aan jou die spesifieke ding belowe wat jy verlang. As daar nie so 'n teksvers is nie Geliefde, vra jy buite God se Wil, want die Bybel is God se Wil vir ons, Sy Kinders. En as jy buite God se Wil vra, kan jy maar vergeet dat jy jou verlange sal kry. Dit is hoekom baie van ons gebede nie beantwoord word nie – ONS VRA BUITE GOD SE WIL. (1 Joh. 5:14)

God verwag dat ons Sy Woord sal bestudeer, van buite leer, in ons hart oordink en ons gees daarmee vul, want Hy is wakker oor Sy Woord om dit te vervul. Lees ook Jos. 1:8. Onthou, die duiwel sal probeer om jou aan God se beloftes te laat twyfel en dan verkry jy nie wat jy verlang nie. Ons moet die Skrif ken om te kwoteer en die duiwel te weerstaan, anders gaan dit jou weerhou van jou regmatige erfenis van God. Jesus Self het die duiwel met die Skrif weerstaan toe Hy op die aarde was en het daardeur vir ons 'n onfeilbare lering daar gestel. **Jesus het gesê: Daar staan geskrywe.**

Kom ons neem 'n praktiese voorbeeld. Dis naby die end van die maand en alhoewel jy baie versigtig jou kos toelaag vir jou gesin dwarsdeur die maand hanteer het, is jou geld nou byna op en ook jou koskas loop vinnig leeg. Nou is dit duidelik dat jy van God moet vra om in jou behoeftes te voorsien. Jy neem God se beloftes oor behoefte en


voorsiening (bv. Filip. 4:19, Ps. 23:1, Ps. 37:4, 2 Kor. 9:6-8) en vra God dienooreenkomstig. Wanneer twyfel aanval, kwoteer jy vir die duiwel God se Beloftes aan jou. En God sal sy Beloftes gestand doen en jy sal ontvang wat jy gevra het en in oorvloed hê vir jou en jou gesin. (lees ook Jer. 1:12) Let egter net op dat jy nie net die Woord moet bely met jou mond nie, maar jy moet dit GLO MET JOU HART (Rom. 10:10) anders word jou gebede ook maar net weer 'n leë ritueel.

Daar is dikwels ook 'n tydsfaktor verbonde aan gebedsverhoring en ons moet geduld beoefen. Die Bybel sê tog immers ons moet die goeie stryd van geloof stry, daarom kan ons hindernisse verwag. Wanneer dit by die alledaagse materiële dinge kom, sal mense hulle letterlik in 'n geveg begewe om te verkry en te behou wat hulle toekom, maar waar dit geestelike dinge aangaan, wil hulle net passief en onaktief wees. Hoe dan, dis tog 'n stryd! As iemand jou besittings of jou man/vrou of kinders wil wegneem, sal jy stry/veg, want dis jou regmatige eiendom. En as God vir jou geestelike dinge belowe, stry/veg en staan jou man teen die duiwel wat jou daarvan wil beroof. Gebruik God se Woord as wapen. (Ef. 6:17)

Ken die nodige Skriftekste om die vyand te weerstaan. Wees gereed om vir hom te sê. "Daar staan geskrywe." Die duiwel gebruik ander mense om jou te ontmoedig, veral i.v.m. geestelike dinge. Maar wees standvastig in liggaam, gees en siel. Kom ons gesels oor die genesing van jou liggaam. Jy is miskien swaksiende, dra 'n bril. Nou vra jy God om volkome herstel van jou gesig. Duidelik sê jy: "My Hemelse Vader, omdat u Seun Jesus Christus ons siektes en kwale op Hom geneem het aan die kruis en deur Sy Wonde daar vir my genesing gekom het (Jes. 53:4-5) vra ek vandag in Jesus se Naam dat u daardie feite ook ten opsigte van my oë sal erken, en my volkome visie deur altwee my oë sal gee en hulle geheel en al sal genees. Baie dankie Here dat U hierdie genesing reeds begin het in my oë en nou kan ek u reeds loof en dank daarvoor."

Nou haal jy nie die bril af en val oor die volgende meubelstuk en breek jou arm nie. Nee, jy dra die bril en jy antwoord jou vriende op hulle skeptiese aanmerkings, wat lui: "God het jou mos genees." (Heel waarskynlik aangevuur deur die duiwel). "Volgens God se Woord is ek genees en dis in hierdie Woord wat my vertroue is. Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom reeds op Golgota". En elke keer as ongeloof jou beetkry, weerstaan dit met God se Woord.

So word jou geloof gebou (Rom. 10:17). Stry, volhard, en op 'n dag gaan jou oë heeltemal normaal wees en jy sal heeltemal sonder jou bril kan klaarkom en jy sal met vreugde aan al jou vriende kan sê: **Loof die Here, Hy het my volkome genees!**



Skatkis

Ons is afhanklik van die Heilige Gees.

Ons het toegang tot God deur die Heilige Gees.

Ons almal het swakhede in ons vleeslike natuur. Hierdie swakhede is nie van die liggaam nie, maar uit ons denke – uit ons gedagtes. Hulle openbaar hulself op twee maniere wat in verband met mekaar staan. Eerstens weet ons dikwels nie waarvoor ons moet bid nie.Tweedens, selfs wanneer ons weet waarvoor om te bid, weet ons nie hoe om daarvoor te bid nie. Daarom het ons geen ander manier behalwe volkome afhanklikheid van die Heilige Gees. Hy alleen kan ons beide die waarvoor en hoe van gebed wys (lees Rom. 8:26-27).

In Efesiërs beklemtoon Paules ons afhanklikheid van die Heilig Gees om ons gebedes te gee wat vir God aanvaarbaar is. Hy beklemtoon dat slegs Jesus en die Heilige Gees ons toegang tot God kan gee. **Want deur Hom** (Jesus Christus) **het ons albei** (Jode en heidene) **die toegang deur een Gees tot die Vader (Ef. 2:18).**

Twee voorwaardes vir aanvaarbare gebedes word hier saamgevoeg: Deur Jesus en deur die Heilige Gees. Altwee is noodsaaklik. Daar is geen natuurlike mag wat ons swak, menslike stem van die aarde na die ore van God op Sy Troon in die hemel kan dra nie. Slegs die bonatuurlike krag van die Heilige Gees kan dit doen. Sonder Hom het ons geen toegang tot God nie.

Nota oor Donasies

Geliefdes,
Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.
Ons waardeer elkeen van julle
Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Ons lees in **1 Tim. 6:12: "Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is ..."**

Daar is dinge waarvoor jy glo – jy weet dat God daardie saad geplant het. Die begin is opwindend en die einde sal belonend wees;maardie waarheid is dat die middel wanordelik kan wees. Op een of ander manier is ons almal in die middel ons almal is op reis Jy weet dat God jou 'n belofte gegee het, maar elke omstandigheid sê net die teenoorgestelde. Met tyd is dit maklik om op te gee en te dink: "Daar is te veel struikelblokke. Dit sal nooit gebeur nie."

Wanneer jy die geloofshelde bestudeer, een gemeenskaplike aanduier wat jy sal vind is dat hulle geloof in die middel gehad het. Wanneer die belofte onmoontlik gelyk het, het hulle aangehou om vorentoe te beweeg, wetende dat dit deel van die proses was. Hulle het geweier om oor te gee aan die beproewings of donker plekke. Ja, hulle het hul oomblikke gehad. Met tye het bekommernis gekom, vrees sou kom, twyfel sou kom, maar hulle het nie toegelaat dat dit bly nie. Hulle het hul geloof weer opgewek en geglo dat die belofte sou gebeur. Doen nou jou deel soos hulle gedoen het – het geloof in die middel.

'n Gebed vir vandag:
"Vader dankie dat U met my is deur elke moeilikheid en uitdaging waardeur ek gaan. Dankie vir die beloftes wat U op die reis aan my gegee het, en dat U agter die skerms vir my ten goede werk op die oomlik. Ek sal geloof hê vir die middel. In die Naam van Jesus. Amen".

Weereens wil ons julle almal bedank vir jul liefde, gebede en ondersteuning vir die bedienung. Dit beteken so baie vir baie mense.

God seën julle almal,

Meg Van Zyl en die Gebedspan



Liewe vriende,
Ons landlyn telefone is 'n werklike probleem. Wanneer ons kragonderbrekings het, lui ons landlyne glad nie. Wanneer hulle werk is die Telkom-kabels so beskadig dat ons niks kan hoor nie.

Ons het drie opsies vir jou om met ons te kommunikeer:
Jy kan 'n stempos op die landlyn los en ons sal vir jou bid.
Jy kan jou geskrewe boodskap **WhatsApp na: 0790672984**
Jy kan jou versoeke **e-pos na: stangerchristiancentre@gmail.com**

Ons sal die volgende dag tussen **07:00 en 08:00** vir elke versoek bid.Jy sal bevestiging kry dat ons jou boodskap ontvang het en ons bid.

Mag die Here jou ryklik seën.

Meg Van Zyl en Gebedspan



BELIEVE FIRST, THEN SEE

An important step to answered prayer is to ask God for what you want according to His promises and then to believe that He has done it. The Lord already knows what we want, but in spite of this He says we are to ask Him. The Bible says: **Your Father knoweth what things ye have need of (Matt. 6:8),** but then He says that we must draw near to Him and lay it before Him. To say that you can leave everything to God because you know that He will only allow the best to happen to you, is actually contrary to the Word. Jesus said: **Ask, and it shall be given you; seek, and ye shall find; knock, and it shall be opened unto you (Matt. 7:7).**

We read in **1 John 5:14 & 15: "And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask anything according to His will, He heareth us. And if we know that He hears us, what-soever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him".**

Always ask according to His will - God's Word is His will, and His Word says that He is the Lord our God that heals us, therefore we may ask for our healing according to His Word (Will). He says that He will supply in all our needs, therefore we can bring all our needs to Him. I cannot ask God for another person's possessions, because that would be against His Word or will.

" For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith. Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them" (Mark. 11:23- 24). God says that when you pray believe that you receive and you will receive what you ask for. The world says, "when I see I will believe", but Jesus says we must believe before we see.

For we walk by faith, not by sight (2 Cor. 5:7).

A preacher whom I know, illustrates this excellently. He contracted a throat infection while preaching. The next day he could only whisper and his chest was sore. Then he started reading Scripture about healing, and then prayed, "**Lord, Your Word says that I am healed by Your wounds.** My body, my family and my feelings say to me that I am still not healed. **Your Word says God is Truth and man a liar.** If I say that I am not healed, I am a liar. **Your Word says God cannot lie. Rom. 3:4: Let God be true, but every man a liar; as it is written, That thou mightest be justified in thy sayings, and mightest overcome when thou art judged.**

That evening he said to the Lord that he was getting up and going to preach. Then he went to the hall, stood up to speak, and said over the microphone that he wanted to thank God because He had healed him.

The audience looked at him with surprise, because he was still whispering. Then he explained to them that the Bible said he was healed. What God says is the truth and if he should have said that he was not healed, he would make God out to be a liar and he would also be one.

Then he asked everyone to stand up and praise God with him for his healing. Some of the people stood up and started praising. He had not even said hallelujah three times, when his voice came back. Then he started preaching and what a blessed impact that preaching had, because the audience saw before their own eyes the Word of God in action.

You must respond to God's promises as TRUTH. All of God's promises in His Word are TRUE — and because they are, we must not make them ineffective by our unbelief. God gave everyone a measure of faith (Rom.12:3). We must use it, and we will move mountains (Mark. 11:23). And with that God means actual mountains, like illness, poverty and disaster.

Another step to answered prayer is to keep every thought and desire focused on agreeing with that for which you have asked. Do not for a moment picture failure in your mind. Rebuke every thought of doubt. Fix your mind on the answer.

James 4:7: Resist the devil, and he will flee from you.

(Take note of the condition: "Submit to God").

1 Pet. 5:8: Be sober, be vigilant; because your adversary the devil, as a roaring lion, walketh about, seeking whom he may devour.

Doubt is from Satan: resist him. Expel every image, proposal, vision, dream, impression, feeling and all thoughts that are not edifying to your faith, then believe that you will receive that for which you have asked. Rejoice and meditate on those scriptures that really build up your faith. The confession, declaration (audibly spoken), of words of faith must be part of our lives. Stand firm and refuse to be overcome.

Read John 16:23-24: **And in that day ye shall ask Me nothing. Verily, verily, I say unto you, Whatsoever ye shall ask the Father in My name, He will give it you. Hitherto have ye asked nothing in My name: ask, and ye shall receive, that your joy may be full.**

Here Jesus tells us to pray to **the Father** in the Name of **Jesus**. Under the old Covenant, before Jesus was crucified and rose from the dead, they prayed without the Name of Jesus - even the beautiful "Our Father" prayer falls in this category. But when Jesus rose from the dead God exalted His Name above all other Names. Take note, Jesus Himself taught us to pray always to **the Father**, no matter our circumstances or age (Matt. 6:9).

God has given us a special prayer key, this key will open the doors and windows of heaven to supply all our needs - this key is the Name of Jesus!

Jesus is our Mediator, our Intercessor, our Advocate and our Lord, He is standing between us and the Father and it is the Bible's instruction that we must go through Jesus to the Father when we pray.

There are also those who are in the habit of saying "for Jesus sake" - this is also an error. We surely do not ask for healing or food or whatever for Jesus' sake, but for our own sake - You need it. Therefore let your prayers always begin with: My Heavenly Father, I come to You in the Name of Jesus Christ ... Ask in the Name of Jesus because it is only in that Name that God the Father will answer, as it is the Name of His Beloved Son.

Bind and Loose

God hears and answer prayers. You should now be sure about that: Prayer works. People often just take a shot in the dark when it comes to prayers, but as we have discussed biblical prayer, we now understand that we must take a firm stand when praying and it must be based on the Word of God and we must believe it unconditionally. We also learned that it is imperative to pray to the Father in the Name of Jesus and that we do not pray for Jesus' sake, but for our own sake in Jesus' name. Some people say that these things are not that important, but it is not wise to have that attitude, if it was not important, or if it did not matter regarding the answering of our prayers, then Jesus would not have taught it repeatedly [Read what James said about praying incorrectly in James 4:3] We cannot divide the Bible into important and less important categories, that is making a great mistake. Every Scripture in the Word of God is equally important and we must keep that in mind.

Now let us read Matt. 16:19: **And I will give unto thee the keys of the kingdom of heaven: and whatsoever thou shalt bind on earth shall be bound in heaven: and whatsoever thou shalt loose on earth shall be loosed in heaven.**

Here we are given, by the words of Jesus Himself, all authority over the evil powers of Satan. This ability to bind and loose, in the Name of Jesus, is a very effective weapon against every satanic influence and attack. We see in John 10:10 that Jesus came to give us abundant life, whilst our enemy, the devil came to steal, kill and destroy.

Jesus gives us a wonderful example in **Luke 13 from verse 10: And He was teaching in one of the synagogues on the Sabbath. And, behold, there was a woman which had a spirit of infirmity eighteen years, and was bowed together, and could in no wise lift up herself. And when Jesus saw her, He called her to Him, and said unto her, Woman, thou art loosed from thine infirmity. And He laid His hands on her: and immediately she was made straight, and glorified God. And the ruler of the synagogue answered with indignation, because that Jesus had healed on the Sabbath day, and said unto the people, There are six days in which men ought to work: in them therefore come and be healed, and not on the Sabbath day. The Lord then answered him, and said, Thou hypocrite, doth not each one of you on the Sabbath loose his ox or his ass from the stall, and lead him away to watering? And ought not this woman, being a daughter of Abraham, whom Satan hath bound, lo, these eighteen years, be loosed from this bond on the Sabbath day? And when He had said these things, all His adversaries were ashamed: and all the people rejoiced for all the glorious things that were done by him.**

Jesus commanded us to do the works which He had done and here we have a wonderful example of how He handled the devil.

You can also bind the powers of Satan that are working in your finances to cripple them and prevent you and your Family from having enough to live on comfortably. You can bind the powers of Satan that are working to cause your husband's addiction to alcohol or any other ungodly habit.

Always keep in mind that God's Will for your life, as His Child, is written in the Bible. The most important commandments in the Bible are, "to love the Lord with all your heart and mind and strength and your neighbour as yourself (Matt. 22:34-40), then it is God's Will for you to be healthy, that you have peace in your soul, that you will have life in abundance and that your marriage and work will be blessed. The Bible says: **your adversary the devil, as a roaring lion, walketh about, seeking whom he may devour(1 Pet. 5:8).** He sends his evil powers to influence you causing destruction. But by binding these powers in the Name of Jesus you negate their influence.

When Two of You Agree

Matt. 18:19: Again I say unto you, That if two of you shall agree on earth as touching any thing that they shall ask, it shall be done for them of My Father which is in heaven. The only requirements are that two people who believe, must be on earth and they must agree then God will be faithful. The prayer must be in line with God's Word and His promises: **It shall be done for them of My Father which is in heaven.** Jesus says in John 14:14 that if we ask for something in His Name, He will do it.
1 John 5:14: And this is the confidence that we have in

Him, that, if we ask any thing according to His will (Word)**, He heareth us.**

Matt. 18 verse 20 is also a wonderful scripture: **For where two or three are gathered together in My name, there am I in the midst of them.**

Find a prayer partner and pray regularly together and you will experience great blessing. You and your wife/husband can also form a powerful team when it comes to prayer and intercession, because God Himself will bring about the answers to prayers prayed in agreement. Remind God of His Word. I also just want to emphasize here that we will not

make any progress in our relationship with God and in our prayer life if we dont spend much time with Him in prayer and if we pray prayers full of vain repetition, not really expecting Him to answer. To get results we will have to really make time for our devotions and prayer life, making this a priority in our lives.

Finally, read Mark. 11:25-26: **And when ye stand praying, forgive, if ye have ought against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses. But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.**

Prayer will not be answered if you do not have a heart of forgiveness. You cannot have an effective prayer life if you harbour resentment. Do not even entertain the smallest amount of bitterness, envy or revenge, because these feelings grow very fast and God cannot answer your prayers. Remember the man who was forgiven, but did not forgive his fellowman and he was given over to the tormentors. Jesus has forgiven you, should you not forgive also?

Summary

We must know how to pray out of the mouth of three Biblical witnesses: viz. Matt. 6:7-16; Mark. 11:24-26 en 1 John 5:14-15. Speak to God as your Heavenly Father, glorify and praise Him before you ask for anything. This is the key into His presence — thanksgiving and praise and not complaints and doubt. Then you ask your Heavenly Faith for what you need—do not tell Him about all your problems, He knows what they are before you pray. Jesus says 7 times in John 14:15-16: **Ask anything in My Name** - He does not say: Tell me all about your problems, because He even knows how many hairs are on your head and He knows all your problems. Do not accuse Him for your problems, it is Satan and not God that brings them over you, and do not tell God how to solve your problems, but ask Him for His grace and Godly solution. Always pray the answer to the problem. Jesus is our example and He never prayed the problem, but the answer. After you have prayed, believe that your prayer is already answered, according to Mark. 11:24: **Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them,** and then praise God every day until the answer manifests. Do not pray the same thing over and over again, because it indicates that you did not believe in the first place . However you may remind Him of His promises (Is. 62:6).

Jesus Christ died on the cross for our sins, iniquities and sicknesses. Read Is. 53:3-4; Matt. 8:17 en 1 Pet. 2:24. It is His will that we should prosper, be healthy and be saved– this He says in 3 John 2. We call this the revealed Will of God. In these situations, if we pray "If it is Thy Will", we are actually saying to God that we do not believe His Word, and that maybe His promises for healing do not apply anymore. It is better to conclude your prayer for healing, deliverance, forgiveness, etc. with these positive words: According to Your Will!

